GELOOF

HOOP

LIEFDE

Geloof, hoop en liefde gaan hand aan hand. Die hoop waarvan die Bybel praat is seker, dis vas en God belowe dit gaan gebeur vir die wat in Hom glo.

Geloof in God is om met vertroue in hierdie en na hierdie hoop toe te stap, ten spyte van hopelose situasies.

Liefde is die petrol wat dit vir ons moontlik maak om die pad te stap, dis die dryfkrag.

Ons kyk vandag spesifiek na hierdie Bybelse liefde.



# 1 KORINTIËRS 13

**Lees 1 Korinitiërs 13.**

Wat staan vir jou uit in hierdie teks? Hoe voel jy as jy dit lees?

Wat is jou definisie van liefde?

Hierdie teks kan soms baie romanties klink, en as ons hoor "liefde is die grootste", dan dink ons liefde maak alles reg, laat alles toe, is so wyd soos die oseaan en die berge, en ons moet vir alles lief wees…

Die wêreld se verstaan van liefde het in baie opsigte baie goedkoop en algemeen geraak…


EQUALITY LOVE KINDNESS
Love is Love
SAY GAY
EQUALI TEA
We are family
BE YOU
I'm PROUD
Love Family Freedom
Born This Way
Don't be a drag, Just be a queen
Marriage Equality
y'all means all
Everyone is welcome here
Be an Outspoken Changemaker
LOVE WINS
L G B T Q +
©Julia GASH
love is love
LOVE WINS

Kan jy aan nog voorbeelde, situasies dink waar die wêreld se verstaan van liefde verkeerd of skeefgetrek geraak het?

Selfs as ons 1 Korintiërs 13 lees, sien ons dat liefde nie goedkoop, wyd of algemeen is nie.  Dit is baie duur, spesifiek en binne die grense en wil van die Here.

Liefde is as't ware God se PLAN vir die wêreld, dis die bloudruk van hoe ons met geloof by die hoop gaan uitkom.  Dit het 'n begin en 'n einde. Daar is 'n spesifieke pad wat ons moet stap.

# GOD SE LIEFDE IS SPESIFIEK



So, liefde het ‘n spesifieke doel en plan – dit is God se plan en God se doel.

**Lees nou 1 Johannes 4:7-21.**

Wat sê dit vir jou van God se liefde?

Wat sê dit vir jou van die manier waarop jy moet liefhê?

Liefde kom van God af en dis dieselfde liefde wat deur ons na ons naaste moet vloei.  Daar is nie ‘n ander liefde wat ons by Hoop gaan uitbring nie.

# 1 JOHANNES 4:7-21

Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, **want liefde kom van God**, en elkeen wat liefhet, is 'n
kind van God en ken God. 8Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is
liefde. 9Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe
gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê. **10Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons
vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as
versoening vir ons sondes.**

11Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te
hê. 12Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en
het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.
13Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee. 14En ons het
gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur
het. **15Wie bely dat Jesus die Seun van God is – God bly in hom en hy in God.**



As ek lief is vir God en Sy plan, beteken dit dat ek enige ander plan moet haat.  Haat klink dalk baie liefdeloos… Maar dis die teenoorgestelde van liefde.

Kan jy dink aan dinge wat God se plan tans in jou lewe bedreig? In die omgewing waar jy woon?  In die wêreld?

Daar is ‘n paar dinge wat God nie van hou nie, en selfs haat.  Is dit nie die dinge wat ons ook moet haat nie?

**Lees Psalm 97:10; Psalm 119:127-128; 163-168; Spreuke 6:16-19**

# SPREUKE 6:16-19

Kyk, daar is ses dinge waarvan die Here niks hou nie, sewe dinge wat
Hy haat.

17Oë wat **hoogmoed** weerkaats,
’n tong wat **leuens** vertel,
18’n hand wat ander se ondergang bewerk,
’n hart wat net slegte dinge dink,
voete wat haastig na die kwaad toe hardloop,
19’n vals mens wat na elke asemteug net leuens uitasem,
en ’n rusverstoorder wat die liefde tussen mense wegvat.


SWR


Liefde is nie ‘n wollerige gedagte of gevoel nie, dis ‘n spesifieke keuse van die pad wat ek wil stap.  Ek moet nie net kies om lief te hê nie… Maar ek moet kies wie en wat ek liefhet.

Die enigste trein na HOOP, is die trein van geloof en Goddelike liefde.  Geen ander trein gaan my daar uitbring nie.

**Lees 1 Johannes 2:15-17.**

# 1 JOHANNES 2:15-17

Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie.
As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie.
16Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mens begeer, alles wat
sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die
Vader nie, maar uit die wêreld.
17En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die
wil van God doen, bly ewig lewe.



Die wêreld se orde/ strukture/ manier van doen is nie binne God se wil nie.

God het die **fisiese wêreld** geskape en dit is mooi en goed – ons moet dit liefhê.

God het Sy seun geoffer vir die **mense van die wêreld** – ons moet hulle liefhê omdat ons nie wil hê hulle moet op die verkeerde pad beland nie.

Maar ons moenie op die trein van die wêreldse orde klim en dink dit gaan ons uitbring by iets mooi en goed nie.



Is daar hoop vir ons sondige mense?

Is jy verdoem as jy buite die grense van God se liefde opgetree het?  As jy liefdeloos, onvriendelik, onbehulpsaam, selfsugtig optree?

Nee!  Ons is sondige mense en sukkel om perfek lief te hê en perfek te haat wat ons moet…

Klim terug op die regte trein as jy geval het… Moenie jou hart verloor op die verkeerde trein nie!

# 1 TIMOTEUS 2:1-4

“Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. ”

GEBED:

- Bid vir die owerhede van ons land – vir goeie keuses en ‘n sisteem van vrede, regverdigheid en Goddelike liefde
- Bid vir opvoeding in ons land – vir skole en kurrikulums en die wysheid van ons leiers
- Bid dat ons nie sal moed opgee of sal ingee nie, maar sal vasbyt in geloof op die Here
- Help ons om die sonde meer te haat en mense meer lief te hê.